BYBELSTUDIE OPENBARING LES 23.

In Openbaring 8:2-5 is 'n bak vol wierook en gebede op die altaar voor God uitgegooi. Dit is die gebede van alle mense en word deur die versoening van Jesus Christus volmaak voorberei om deur God ontvang te word. Die feit dat die wierookbak se inhoud op die aarde uitgegooi word, is simbool daarvan dat God ons mense se gebede verhoor. Die uitwerking van die gebede gaan nou op die aarde gevoel word. Dit gaan sigbaar gesien en gevoel word in die dinge wat gaan gebeur elke keer wanneer daar op die sewe trompette geblaas word.
Wanneer die trompette in 8:6 begin blaas, neem dit ons nogmaals deur die ganse eindtyd [eerste koms tot wederkoms]. Hierdie trompette blaas as deel van God se straf om die ongelowige wêreld tot inkeer te roep [6:1-17; 8:6-9:21]. Net hierna, tussen die sesde en sewende trompet, volg 'n visioen wat die aardse kerk se posisie, taak en roeping beskryf [10:1-11:19]. Dit val tussen die eerste en tweede koms van Jesus Christus. Later, wanneer die sewe wraakbakke in hoofstuk 16 op aarde uitgegiet word, oorspan dit ook die ganse eindtyd. Daar is wel 'n styging of verskerping van God se oordele oor die goddelose wêreld tussen die visioene van die sewe ruiters, trompette en wraakbakke. Die sewe seëls tref net 'n kwart van die mensdom, maar 'n derde van die aarde word getref as die trompette begin blaas, terwyl die ganse aarde in die spervuur is as die wraakbakke uitgegooi word. Hierdie visioene verduidelik dus uit verskeie hoeke en in stygende intensiteit dat die laaste dae 'n tyd van God se [voorlopige] oordeel oor die goddelose wêreld is.

BYBELSTUDIE OPENBARING 8:6-12.

1. LEES: Openbaring 8:6; Numeri 10:3,5,6,9,10; Josua 6:2-5; 1Samuel 13:3 en Jeremia 51:27; Matteus 24:31; 1Korintiërs 15:52 en 1Tessalonisense 4:16.
   Wat is die rol van die trompet in hierdie Skrifgedeeltes? En in Openbaring 8?

2. LEES:
   Openbaring 8:7a en Eksodus 9:23-24.
   Openbaring 8:8-9 en Eksodus 7:17-18.
   Openbaring 8:10-11 en Eksodus 15:23.
   Openbaring 8:12 en Eksodus 10:21-22.
   Johannes gebruik die Ou Testament op interessante manier. Hy haal omtrent nooit direk daaruit aan nie, maar gebruik dit op 'n oorspronklike manier. So sien ons 'n

verband tussen die trompette en die uittog uit Egipte, veral die tien plae. Lees bogenoemde gedeeltes en voltooi die plae in Egipte langs die eerste vier trompette.

3. LEES: Openbaring 8:7a; 8a; 10 en 12.
   Watter vier voorwerpe word hier deur die eerste vier trompette getref/aangetas?
   Wat is vir u opvallend hieraan?

4. LEES: Openbaring 8:7; Eksodus 9:23; Psalm 78:47-49; Josua 10:11; Job 38:22-23; Psalm 18:12; Joël 2:30-31.
   In die beeldspraak van die eerste trompet, is sprake van hael asook bloed en vuur.
   Wat is die betekenis van hierdie elemente?

5. LEES: Openbaring 8:8-9; Jeremia 4:24; Nahum 1:5; Deuteronomium 32:22; Psalm 83:15.
   Met die tweede trompet val 'n brandende berg in die see. Wat is volgens u die betekenis van hierdie visioen?

6. LEES: Openbaring 8:10-11; Spreuke 5:3-4; Jeremia 9:15; 23:15.
   Met die blaas van die derde trompet val 'n groot ster wat soos 'n fakkel lyk van die hemel af. Hierdie ster het 'n naam: Bitterals. In die oorspronklike taal word beklemtoon dat die ster van die hemel val. Waarom die klem? Wat verduidelik die beeld aan ons?

7. LEES: Openbaring 8:12; Job 12:22; Amos 5:18; 8:9; Johannes 3:18-21.
   Met hierdie trompet word die liggewende hemelliggame getref. Daarom die duisternis. Wat presies is die betekenis van die duisternis in hierdie visioen?

8. In die lees van die vier trompette, het u opgelet dat elke keer net 'n derde getref word deur God se oordeel. Waarom net 'n derde?

ANTWOORD.

1. Dit was 'n instelling in Israel dat daar op trompette geblaas word. So is daar op 'n trompet geblaas wanneer die volk verder moes trek in die woestyn [Num.10:1-8], wanneer hulle moes gaan oorlog voer [9, 1Sam.13:3; Jer.51:27], of wanneer een van hulle feeste moes begin [10]. In die Nuwe Testament word die blaas van die trompet geassosieer met eindtydse oordeel asook die wederkoms van Jesus Christus [Matt.24:31; 1Tess.4:16]. Opstanding en eenwording van liggaam en siel

word ook voorafgegaan met die klank van 'n trompet [1Kor.15:52]. So kondig 'n trompet in die Bybel elke keer 'n belangrike gebeurtenis aan.
In Openbaring word die trompet gebruik om 'n bepaalde bevel aan te kondig en dit is: Dit is tyd vir die oordele om te begin! God laat dinge gebeur.

2. Openbaring 8:7a: hael — Sewende plaag: donderslae, hael.
   Openbaring 8:8-9: water word bloed — Eerste plaag: Nyl in bloed.
   Openbaring 8:10-11: water word bitter — Verwys na Mara se bitter water in woestyn.
   Openbaring 8:12: son, maan, sterre verduister — Negende plaag: duisternis.

3. Die aarde word getref [vers 7a];
   Die see word getref [vers 8a];
   Die waterstrome en alle fonteine word getref [vers 10];
   Die hemelruim en alles bo-oor die aarde word getref [vers 12].
   Die eerste opvallende aspek is die klimaks wat besig is om op te bou:
   Ná die aarde intensiveer die oordele van God;
   'n Derde van die seelewe raak die voedselbronne van die wêreld;
   'n Derde van die varswaterbronne beteken lewe wat aangetas word;
   Die liggewende hemelliggame word getref – daarom duisternis. Dit wat oorsprong van lewe is word getref.
   So raak die eerste vier trompette die leefwêreld van die mens.

4. Die eerste trompet dui aan dat die Here, wat nou in die hemel regeer, deur die periode vanaf die eerste koms tot by die wederkoms, die goddeloses met allerhande rampe gaan tref. Hierdie rampe word deur die Here vanuit die hemel gestuur en beheer. So word beeldspraak gebruik met die hael asook die bloed en vuur. Hael kom dikwels in die Ou Testament voor. Aan die eenkant laat val dit die klem op God sê, mag oor sy skepping. Hier in Openbaring egter is dit simbool van God se oordeel.
   Die beeldspraak van bloed en vuur verwys na Joël 2:30-31. In die Bybel is bloed en vuur kragtige simbole van God se oordeel. Deur God se oordele sal chaos heers in die skepping gedurende die eindtyd.

5. Die tweede trompet openbaar die almag van God. Hy het die aarde gemaak met die berge daarop. Berge dra juis in die Bybel die betekenis van vastigheid en krag. Met die tweede trompet word 'n berg soos kinderspeletjies in die see gegooi. Dat die berg brand is beeld van God se oordeel.
6. Dat die ster van die hemel afval beklemtoon dat God dit stuur. Die bitterals is 'n bekende en baie bitter plantsoort. Weereens laat val die bitter of giftige water die klem op God se oordeel oor die sonde – dit is oor die goddelose mens.

7. In die Ou Testament dui duisternis simbolies op oordeel [Amos 5:18] en in die Nuwe Testament op die mag van die Bose. Duidelik wys hierdie beeld na God se kragtige oordeel oor die goddelose mens maar ook oor die Bose.
8. Elke keer is slegs 'n derde vernietig om deur dit te beklemtoon dat daar vir die goddelose nog geleentheid is om hulle te bekeer. God is beslis, maar tog ook verdraagsaam.

****